

ST. ANTONINUS

10 MEI

(1389-1459)

Hy is gebore uit die vername Pierozzi familie in die Italiaanse kultuurstad, Florence. Op 16-jarige leeftyd sluit hy by die Dominikane aan. Een van sy medestudente was die skilder Fra Angelico. Mettertyd dien hy as owerste van verskillende Dominikaanse huise en later word hy tot provinsiale owerste van sy orde verkies. Hy stig die San Marco-klooster in Florence (wat deur Fra Angelico beskilder sou word). In 1446 word hy aartsbiskop van Florence. Hy was baie geleerd en tree op as die raadgewer van die pous. Hy skryf ook etlike belangrike teologiese werke, maar hy was veral bemind onder die gewone volk. Sy nederigheid en eenvoudige leefwyse en gemaklike omgang met die armes en gewone mense van sy tyd het hom 'n ware herder van sy kudde gemaak.

